



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Miniverhandeling 800 (MND 800)

Kwalifikasie	Nagraads
Fakulteit	Fakulteit Regsgeleerdheid
Modulekrediete	100.00
Programme	LLM Arbeidsreg (Gedoseer) LLM Bankreg (Gedoseer) LLM Familiereg (Gedoseer) LLM Handelsreg (Gedoseer) LLM Insolvensiereg (Gedoseer) LLM Intellektuele goederereg (Gedoseer) LLM Internasionale Lug-, Ruimte- en Telekommunikasiereg (Gedoseer) LLM Internasionale Reg (Gedoseer) LLM Kinderreg (Gedoseer) LLM Kontraktereg (Gedoseer) LLM Korporatiewe Reg (Gedoseer) LLM Multidissiplinêre Menseregte (Gedoseer) LLM Omgewingsreg (Gedoseer) LLM Ontginningsbedryfsreg in Afrika (Gedoseer) LLM Privaatreg (Gedoseer) LLM Prosesreg (Gedoseer) LLM Reg en Politieke Geregtigheid (Gedoseer) LLM Sosio-ekonomiese Regte (Gedoseer) LLM Staats- en Administratiefreg (Gedoseer) LLM Verbruikersbeskermingsreg (Gedoseer) MPhil Mediese Reg en Etiek (Gedoseer) MPhil Multidissiplinêre Menseregte (Gedoseer) MPhil Omgewingsreg (Gedoseer) MPhil Reg en Politieke Geregtigheid (Gedoseer)
Voorvereistes	RHP 801 en RHP 803



Onderrigtaal Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

Akademiese organisasie Regsgeleerdheid Dekanskantoor

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

(a) Die student moet 'n navorsingsvoorstel gedurende die eerste jaar van registrasie ten opsigte van die LLM-graad by sy/haar studieleier inhandig alvorens daar begin kan word met die skryf van die miniverhandeling. (b) 'n Miniverhandeling (MND 800) moet bestaan uit 13 000 tot 15 000 woorde insluitend die voetnotas maar die inhoudsopgawe en die bibliografie uitgesluit. Die miniverhandeling moet by die promotor ingehandig word nie later nie as Augustus van die tweede jaar van registrasie vir die LLM-graad. Die miniverhandeling moet handel oor die vakinhoud van een of 'n kombinasie van die LLM-modules waarvoor die student geregistreer is. 'n Versoek ten opsigte van die verlenging van die tydperk vir indiening van die miniverhandeling kan slegs deur die Dekaan verleen word, op aanbeveling van die LLM-komitee.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrou met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.